NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
alkmaar
'n Gemeente wat omgee

Bulletin
19 Junie 2022

GELOOF GEBEUR OP DIE HERE SE TERME

Geloof is nie 'n selfverbeteringprogram nie. Geloof help jou nie maar net om 'n beter mens te word nie. Dit laat jou volgens Jesus se beginsels leef. Sy standaard is baie hoog. Sy standaard is dié van selfopofferende liefde. Sy liefde veroorsaak dat jy jouself prysgee in diens van God en ander. Sy liefde veroorsaak dat jy jou voorkeure, jou gerief, jou keuses, en jou leefroetes aanpas by dit wat God eer en wat ander mense bevoordeel. Dit veroorsaak dat jou keuses nie langer oor jou eie voordeel gaan nie. Nou gaan dit oor die regte keuses wat God eer en wat ander mense opbou.

Om Jesus te volg, beteken jy deel Sy hart wat warm vir armes, minderbevoorregtes en afgeskryfdes klop. Dit veroorsaak dat jy bereid is om op te offer, eerder as om gedurig te vereis. Dit veroorsaak dat jy vrygewig is, eerder as dat jy net nog wil hê. Dit veroorsaak dat jy ander mense se belange al hoe meer bokant jou eie stel. Hierdie roete is nie altyd maklik nie; daarom is daar so min opregte navolgers van Jesus in die omtrek. Wees asseblief die uitsondering. Leef volgens Jesus se standaard.

Stephan Joubert (www.ekerk.org)

VANDAG 19 JUNIE

- Nasionale Biddag vir Blindes; Vadersdag
- Erediens: Alk: 09h00

SONDAG 26 JUNIE

- Erediens: Alk: 09h00

DEUROFFERS IN JUNIE: Omgeefonds

Die Sorgdiensgroep sien om na lidmate in ons gemeente en enige donasies sal waardeer word. Bydraes kan by die deure in kissies, gemerk "Omgeefonds (Barmhartigheid)" gegee word, of 'n elektroniese betaling kan gedoen word.

Daar is ook 'n trollie by die inligtingshoek vir blikkieskos en nie-bederfbare produkte wat Sondae daarin gesit kan word.
Navrae: Janine Delport

OOR GEBED

Stille, kontemplatiewe gebed vind plaas wanneer ons stil is en onsself oopstel vir Christus se Gees wat in die geheim in ons werk, wanneer ons ag slaan op die psalmis se pleidooi: "Wees stil en weet dat Ek God is" (Psalm 46:10). Dit is tye wanneer ons met vertroue in God se vormlose hande wegsink vir reiniging, verligting en gemeenskap. (Tilden Edwards)

In gebed weet ons ons word nie gemanipuleer nie, ons word nie gebruik nie, ons word nie geoordeel nie, ons word nie geëvalueer nie. Wie wil nie daarheen gaan nie? Dit is die plek van uiteindelike vryheid. (Richard Rohr)

Ons Gemeente se Bankbesonderhede:

ABSA - NG Kerk Alkmaar - Tjekrek. 1070580035
Takkode 334-252; Internet-takkode 632005
Verwysing op inbetalings: **DO** vir dankoffers, **10de** vir tiendemaand (Okt), **GO** vir geloofsoffers (sending/evangelisasie) + u **naam**. SnapScan:

Kontak ons gerus:

Leraar: Johannes vd Merwe 074 142 3456; ephesians321@me.com
Kerkkantoor: Gladys Grobler 082 261 0371; ngkerk@alkmaar.co.za
Fasiliteitebeampte/Koster: Alk: Johan Delport 083 785 6117
Koster: Ngd: Madelein Venter 083 607 0728
Sendeling: Koos Kriel 084 500 1082; kooskriel40@gmail.com

Inligting op webblad:

Besoek gerus ons gemeente webwerf: www.alkmaar.co.za vir o.a. die nuutste bulletin, nuusbrief, inligting, kwartaaltema, asook skakels na oordenkings en preke, ens. Kry ons ook op Facebook.

Eredienste & kategese:

Alkmaar: U is welkom om die oggenddiens om 09h00 te Alkmaar by te woon. Die nodige protokol word gevolg met o.a. maskers dra, distansiëring en handsanitasie. Ngodwana: Kategese begin 17h00 en die erediens 18h00 by die Gemeenskapskerk te Calhounstraat, naby Clivia Laerskool. LW a.g.v. die "Sappi-shut" in Junie en die naderende skoolvakansie, hervat eredienste en kategese eers weer op 24 Julie 2022.

Vergaderings:

Ma. 20 Junie Kerkraad 18h00

Nuusbrief:

Kry gerus die nuusbrief en ook op ons webblad.

Bulletin

19 Junie 2022

"Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is..." Matteus 5:3

VOORBIDDING

▣ **Kom bid saam:** In die Konsistorie (Alk) Sondae 08h45 en **na die aanddiens** (vanaf 16 Januarie 2022) by die Gemeenskapskerk te Calhounstraat, naby Clivia Laerskool.

▣ **Gebedskassie by i-hoek:** Plaas gebedsversoeke gerus in die toesluitkassie, persoonlike of ander behoeftes waarvan jy weet. Ds. Johannes hanteer dit persoonlik.

▣ **Gebedsaksie:** Wil jy by die gemeente se Gebedsaksie betrokke raak? Skakel / sms dan asb. vir Marlize Nel (082 465 8921) of vir ds. Johannes (074 142 3456).

▣ **Siekes:** Mariana Mahoney, Emsie Nel, Gladys Grobler, Veronica van der Merwe, Marietjie en Duncan Sippel, Neil en Yvette Eastes, Freek Esterhuizen (jnr), Mari en Dawie Bosman, Sarie en Freek Esterhuizen, Ester van Wyk, Jeanette Lyon, asook ander lidmate se gesondheid.

▣ **Ander siekes:** Charles Pretorius se skoonsussie Elfreda, Baba Colin Campbell, Baba Katryn Kruger, Magda van der Merwe se pa, Pieter Theron se suster Alna, Frank Erasmus se suster Annatjie van Niekerk, Willem Dormehl (ma), Deleen van der Walt (Struisbaai), Elena van der Westhuizen se vriendin Thalita Deist, Dian Meyer, Estie Erasmus se suster Rettie, Lynette Behrens (suster), Marlize Nel (ma), Magda Beyleveldt (ma).

MANIERE OM OFFERS TE GEE

Baie dankie vir lidmate wat getrou dankoffers gee. U word versoek om seker te maak en veral te kyk na herhalende internetbetalings wat jaarliks hernu moet word. Maandelikse dankoffers kan gedoen word per debietorder; elektroniese oorbetaling; met u selfoon via ons gemeente se snapscan kode - laat weet asb. die kerkkantoor indien u 'n dankoffer betaal, aangesien daar nie op snapscan gespesifiseer kan word nie. Snapscan kan ook Sondae vir eredienskollekte gebruik word.

OU STOWE BESKIKBAAR

Twee ou stowe by die kerk is in onbruik en beide se oonde werk nie. Navrae: Kontak die fasiliteitebeampte Johan Delport.

LIDMATE SE INLIGTING

Lidmate word aangemoedig om asb. seker te maak dat indien jou woonadres, selfoonnommer, e-posadres moontlik in die afgelope 5 jaar verander het, of wanneer jy verhuis na 'n ander gemeente, om asb die kerkkantoor in te lig sodat ons gemeente se lidmatebesonderhede op datum is, veral wanneer daar i.v.m. gemeentesake gekorrespondeer moet word.

VERJAARSDAE

19e Erica de Kock NGD, Monica du Preez NGD, Sarie Kruger NGD
20e Abigail Brunetti NST, Willie Oosthuisen NGD, Devan Strydom NGD
22e Leroux de Beer KLRNEY, Gert Potgieter K-HOOP, Dewald Scheltema NST
23e Chris Nel NGD, William Thomas jnr NST
24e Corné Daffüe NGD
25e Janél Coetzee RIETF

Gods rykste seën, baie geluk!

MUSIEK CD

Die CD "IS" – om jou geestelik en emosioneel te versterk en te inspireer - is nou beskikbaar. Dit is 15 nuwe Christelike stilword en gedagtevolle komposisies en toonsettings wat uitgevoer word deur onder meer Jacob van Zyl (sang), Reon van Aardt (klavier en agtergrondsang) en Arno Marais (viool, kitaar en agtergrondsang). Prys: R149 (hardeband boekie met tekste ingesluit). Navrae: Johannes - 10% van elke CD se verkope hier, gaan vir Alkmaargemeente.

LAUDATE KOOR

Geniet jy dit om te sing?
Sou jy graag in Nelspruit se gemeenskapskoor wou sing?
Skakel Elet Kruger by 0729108484 vir 'n oudisie.

GRIEFSHARE

Groepsbyeenkomste vir almal wat deur 'n rouproses werk en ook enige ander belangstellendes. Ons kyk tans na 'n geskikte weeksaand om 18:00 bymekaar te kom. Kontak asb. ds Johannes.

CHRYSALIS JEUGKAMP

Vir alle jongmense 15-20jr. vanaf 8-10 Julie 2022 te Penryn. Hier word kerkjeug geïnspireer, uitdaag en toegerus vir 'n nouer vriendskap met Jesus Christus. Dit sal ook Christelike optrede by die huis, skool, universiteit en in die gemeenskap bevorder. Koste R1 100.00 (alles ingesluit). Navrae en inskrywingsvorm: ds Johannes of me Val Nel (0828033711).

GEDENKMUURNISSIES

Nissies wat gebou is teen ons saalmuur is beskikbaar vir ons lidmate teen 'n eenmalige fooi en kan vooruit bespreek en betaal word. Graveringskoste van die granietssteen wissel en word op 'n latere stadium gedoen wanneer die tyd daar is om u geliefde se oorskot in die nissie te plaas. Vir navrae: kontak die kerkkantoor.